**In die Hoogste Hof van Appèl**

**MEDIA OPSOMMING**

| | |
|---|---|
| **MARTHINUS JOHANNES ALLERS<br>& 144 ANDER** | **APPELLANTE** |
| **and** | |
| **PHILLIP FOURIE NO** | **EERSTE RESPONDENT** |
| **HENRY JAMES VAN RENSBURG NO** | **TWEEDE RESPONDENT** |
| **REINETTE KARSTENS NO** | **DERDE RESPONDENT** |
| **MASTER OF THE HIGH COURT** | **VIERDE RESPONDENT** |

Van: Die Griffier, Hoogste Hof van Appèl Appeal
Datum: 2006
Status: Dadelik

(1) Hierdie saak, waarin die HHA vandag uitspraak gegee het, spruit voort uit 'n bedrieglike beleggingskema wat mev Brenda Jansen sedert ongeveer 2000 in naam van 'n maatskappy, Chinza Holdings Bpk (Chinza) bedryf het. Die skema het tot 'n einde gekom toe Chinza in Mei 2003 gelikwideer is, op dieselfde dag waarop Brenda Jansen persoonlik gesekwestreer is. Daarna is die respondente as kurators in die boedel van Brenda Jansen aangestel terwyl twee ander persone as likwidateurs van Chinza opgetree het.

(2) As beleggers in Brenda Jansen se skema, het die appellante aanvanklik hul eise vir terugbetalling teen Chinza bewys. Daarna het die Pretoriase Hooggeregshof egter in Augustus 2005, op aansoek van die respondente, 'n bevel verleen (die eerste bevel) wat daarop neergekom het dat die boedels van Chinza sowel as dié van ander entiteite wat deel was van Brenda Jansen se skema, as 'n eenheid saam met haar insolvente boedel geadministreer moes word. In terme van die eerste bevel is die respondente in beheer van hierdie saamgevoegde boedel geplaas.

(3) Na die eerste bevel het die appellante standpunt ingeneem dat, as gevolg van die eerste bevel, hulle as reeds bewese skuldeisers van Chinza, outomaties bewese skuldeisers van die saamgevoegde boedel geword het.

Daarteenoor was die respondente se argument dat dit nie die effek van die eerste bevel was nie en dat die appellante dus weer van nuuts af hul eise teen die saamgevoegde boedel moes bewys. Die uiteinde van die debat was 'n tweede bevel deur die Pretoriase Hooggeregshof waarvolgens die respondente se uitleg van die eerste bevel, bekragtig is.

(3) Op appèl het die Hoogste Hof van Appèl egter met die appellante se uitleg van die eerste bevel saamgestem. Gevolglik het die appèl geslaag. Hoewel die hof ernstige kritiek uitgespreek het teen die wyse waarop die boedel tot dusver, in stryd met die belange van skuldeisers, geadministreer is, was die hof terselfdertyd die mening toegedaan dat hierdie toedrag nie aan die respondente alleen toegedig kan word nie. Gevolglik is nie gehoor gegee aan die appellante se versoek dat die respondente persoonlik vir die appelkoste aanspreeklik gehou moet word nie en is gelas dat hierdie koste uit die boedel van Brenda Jansen betaal moes word.